

CACHET

APTEEK

U PLUS APTEEK

Tomstraat 92

die WAPAD

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

In U lig sien ons die lig.

JAARGANG XXXI

NOMMER 9

— VRYDAG 7 APRIL 1976

PUKKE!

Vir u kleurbaadjies
en
sportbenodigdhede:
Johan Claassen
Broers

KARNAVAL IS HIER

Pukke, hier is die program...

VOLGENS mnr. Adriaan Jacobsz, Karnevalvoorsitter, is daar veral twee hoogtepunte vir volgende week. Die eerste is die trapkarwedren wat Vrydagaand plaasvind. Die rondtetye word reeds Vrydagoggend geneem, dieselfde tyd as wat die sewe-manrugby en die damessokker plaasvind.

Die verskillende trapkarspanne oefen reeds geruime tyd en vanjaar se wedren beoef om die beste te wees in die drie jaar wat trapkarwedrenne op die PUK populêr gebin word het.

Die ander hooftpunt is die afsluitingsfunksie, wat anders as in die verlede, nie so streng formeel sal wees nie. Die PUK-KE word weggevoer na die verre Bavaria waar 'n egte Duitse ete met bier voortgesit sal word met 'n Duitse blaasorkes in die agtergrond. Op die koop toe kry elke „reisiger" 'n bier.

beker om dié aand te onthou!

Maandag 10 Mei:

19h30 Skynhof, aangebied deur die Regsvereniging, in die Frans du Toit. Vanaf 20h30 sal daar ook musiek in die Totiusaal wees met die oog op Studentevaria se uitsending dié aand.

Dinsdag 11 Mei:

16h30 Die Kultuurraad bied die jaarlikse Kaap-na-Rio wedvaart op die Potch-dam aan, waarna Cine-Puk 'n filmvertoning in die Totiusaal sal aanbied.

Woensdag 12 Mei:

18h30 Die Kultuurraad bied 'n bierblik-toring kompetisie in die Totiusaal aan waarna 'n kunstenaar sal optree.

Donderdag 13 Mei:

17h00 Die rondtetye vir die dames driewiel-wedren word geneem.

17h30 'n Musiekkunstenaar tree voor die hoofgebou op, waarna die amptelike opening van Karneval deur Prof. Tjaart van der Walt waargeneem word.

18h15 'n Musiekkunstenaar

tree weer op waarna die drie-wiel wedren begin. Na 19h30 neem die vlotbouery in alle erns 'n aanvang.

Vrydag 14 Mei:

08h00 — 11h00 Die sewemanrugby en damessokker op die Fanie du Toit (rondtetye vir trapkarre word ook geneem op die kampus).

11h00 — 12h00 The Settlement en Mel Miller voor die hoofgebou.

12h00 — 12h30 Inter-koshuis-kompetisie.

12h30 — 13h30 Maria en Mel Miller voor die hoofgebou.

13h30 — 14h15 Interkoshuis-kompetisie.

14h15 — 15h15 Gene Rockwell en Mel Miller.

15h15 — Verdere voorbereidings vir die trapkarwedren, wat om 16h00 begin en om 21h00 eindig.

21h00 Vlotbou.

Saterdag 15 Mei:

06h00 Beoordeling van vlotte op kampus.

08h00 Vlotte vertrek na Potch-dorp.

09h00 Vertrek na Klerksdorp waar vlotte 'n verdere maksimum van 100 punte verdien.

11h15 Vlotoptog in Klerksdorp begin.

19h00 Karnevalafsluitingsfunksie te Sentrale Eetsaal. Dit is 'n aand in Bavaria, R6.00 per paar wat insluit 'n egte Duitse ete asook bier en die bierbikers en musiek deur 'n Duitse blaasorkes.

Kaartjies, wat beperk in aantal is, vir die afsluitingsfunksie sal vanaf Woensdag 5 Mei beskikbaar wees by die SSR-kantoor vanaf 13h30.



Mej. Ceylonia Boshoff, penningmeestersassistent van die S.S.R., wat nou die diens van die S.S.R. verlaat omdat sy gaan trou. (Foto: Fotokuns.)

Rektor sê: Vier fees

VIR die soveelste keer is dit weer Karneval — die woord wat die simbool geword het van die onbevange genieting van studentevreugde.

Die swartkyker sal sê in die tydsgewrig waarin ons leef, moet sulke uitbundigheid opgeskort word.

Indien dit hiermee net daarom gegaan het, sou hy reg gewees het.

Wesentlik beteken Karneval vir die Pukstudent twee dinge: insameling van fondse vir be-

hoefte instansies — en dit het hulle ook in hierdie uur van ons bestaan — en die genieting van hierdie proses van liefdesdiens.


Daar word nie met swaartlindheid gewerk aan 'n poging om leed te versag nie!

Pukke, wees blymoedig omdat u nog in staat is om u hand uit te steek na ander — wees net so bly en vier die fees van die jaar met mate en met gedraenheid.

H. J. J. Bingle. **PROF. H. J. J. BINGLE,**
Rektor van die P.U. vir C.H.O.



REDAKTEUR BEDANK



DIE huidige Wapadredakteur, mnr. George Lotter, het besluit om vanweë ernstige studieverplichtinge, nie meer voort te gaan met die redakteurskap nie. Die redaksie het hulle egter bereid verklaar om in die tuig te bly.

IBBIES WEN

DIE Ibbies het Sasokpark Saterdag op die Markötterstadion in die twee spanne se Neserbekwedstryd konstant op die verdediging gehou.

Die eensydige kragmeting het vir die studente, wat met 'n glibberige bal goeie aanvallende rugby gespeel het, op 'n oorwinning van 56-0 uitge-loop. Rustyd met die telling al 20-0 ten gunste van die Ibbies was die skrif reeds vir die tuisspan aan die muur.

Oor die telling hoef nie opgewonde geraak word nie. Sasok se teenstand was nie van gehalte nie. Nogtans het die Pukke waardevolle hanteoefening gekry.

Piet Brand was in sy element en het sommer vier drieë gaan druk.

(Geneem uit: Potchefstroom Herald)

Terwyl jy vir jou studie sorg, sorg die Standard Bank vir jou.

Studentplan is 'n sak vol finansiële skemas wat deur die Standard Bank ontwerp is om die lewe vir studente makliker en aangenamer te maak.

1. Studenteleningsskema. Lenings tot R4 000 teen ongelooflike lae rentekoerse met maklike terugbetalings.
2. Gratis maandelikse ekonomiese Oorsig van die Standard Bank. Noodsaaklike leesstof vir enigeen wat in die ekonomie en die sakewêreld belangstel.
3. Stanza, spesiale versekeringspolis vir studente. Lewensdekking en beleggingsvoordele. Premies so laag as R2,80 per maand.
4. Studentespaarrekening. Geen kostes nie. Tot R100 per week kan by enigeen van ons 860 takke getrek word.
5. Tjekrekening. Alle rekenings kan per tjek of aftrekorder betaal word. 'n Nuttige statussimbool vir 'n student.
6. Plusplan-rekening. Minimumsaldo van R500, met stewige rente op daaglikse saldo bereken. Aftrekorder-fasiliteite.
7. Flexirand-beleggingsertifikaat. In eenhede van so min as R100, en jy kan tot 90% van die bedrag wat jy belê het, terugleen. Jy trek hoër rente, maar die geld is nog steeds tot jou beskikking wanneer jy dit nodig het.

Daar's nog baie meer voordele aan Studentplan verbonde — te veel om hier te noem. Maak 'n draai by die naaste Standard Bank en kry 'n brosjure met volledige besonderhede.



Standard Bank

Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Geregistreerde Handelsbank)

Op die Standard kan u staatmaak

LINTAS SB/11737/202/A

CINE-PUK

Vrydag 7 Mei: TER WILLE VAN CHRISTINE.

Saterdag 8 Mei: BUTCH CASSIDY AND THE SUNDANCE KID.

Saterdag 15 Mei: BREEZY (vir diegene wat nie geld het om die reis na Bavaria mee te maak nie).



die WAPAD

(Geaffilieer by A.S.P.U.)

KARNAVAL

EEN van die twee groot gebeurtenisse van die jaar is voor die deur: KARNAVAL! Tradisioneel is dit 'n tyd van vreugde en vrolikheid. Die Pukke het nog altyd die vermoë gehad om dié geleentheid by uitstek te geniet.

Karnaval is dan ook vir Pukke, aangebied deur Pukke en Pukke maak daarvan wat dit is. Die dosente gun op hulle beurt die studente hierdie paar dae van „rus” (om nie van hul eie rus te praat nie!).

REDAKTEURSKAP

DIE redaksie van die Wapad wil net van hierdie geleentheid gebruik maak om die uittredende hoofredakteur, mnr. George Lotter, van harte te bedank vir die onbaatsugtige diens wat hy tot dusver in die

Pukke, neem deel aan Karnaval '76! Net jy kan dit vir jou 'n onvergeetlike gebeurtenis maak. Geniet dit op 'n ware Puk-wyse. Sonder om negatief te wees wil die Wapad 'n beroep op alle Pukke doen, dat dinge soos drankmisbruik en verf van mure en verkeerstekens nie by die Puk se karnaval tuis hoort nie. Daar is immers baie ander „geesvangaksies” wat prakties uitvoerbaar is, en aan inisiatief het die die ware Puk-student nog nooit ontbreek nie!

termyn gelewer het. Deur sy vermoë om met mense te kan werk én goeie resultate te verkry, het hy die respek van die hele redaksie gewen. Mag sy verdere studies voorspoedig wees.

Hit die Woord

2 THESS. 2 : 16, 17: „En mag onse Here Jesus Christus self en onse God en Vader, wat ons liefgehad het en 'n ewige troos en goeie hoop in genade gegee het, julle harte vertroos en julle versterk in alle goeie woorde en werke!”

Geagte Puk-vriend/in,

Karnaval is op hande. 'n Tyd van jol en ontspan. Druk word op elkeen van ons uitgeoefen: Gaan mal, want dis Karnaval! Die lewe bied uiterlik vandag inderdaad geweldig baie — volle geleentheid om te werk en te leef en te speel.

Twee gevare bedreig die Christen: hy kan hom heeltemal onttrek van die lewe en uit die wêreld gaan, óf hy kan só deel word van die wêreld dat hy sy Christenskap verloor. Die derde moontlikheid is beter: Wees in die wêreld, maar nie van die wêreld nie. Dis ook die appél van die teksvers, al staan die teks in die vorm van 'n bede.

In die welvarende handelstad Thessalonika word die Christene bedreig deur verleidinge van die satan en deur vervolginge deur nie-Christene. 'n Valse bron lig hulle boonop in dat die wederkoms van Jesus op hande is. 'n Groepie van die Christene reageer só: Ons hou

op werk; daar's nie nou tyd daarvoor nie; die koms van Christus is te naby; ons gaan uit die wêreld.

Dis hierdie Christene wat lewenskrag nodig het om hulle roeping in die wêreld te vervul. Hulle en ons het dit nodig omdat God ons beveel om voluit te leef, omdat ons leef in die tyd wat uitloop op die wederkoms en omdat die satan magtig is — die antichris is noual in 'n sekere sin besig om sy energie te ontplooi. Ook in hierdie Karnavaltyd sal die satan sy tol eis.

My vriend/in, as jy nie in Christus is en leef nie, as jy nie die vaste sekerheid van sy wederkoms het nie, as jy nie die heerlike uitsig het op die finale vestiging van sy koninkryk nie, as jy nie nou reeds in hierdie lewe bereid is om volledig as oue mens te sterf nie, as jy nie werklik verlang na die totale lewensvernuwing wat Christus jou kan gee as Hy weer kon nie — dan wil ek jou verseker dat jou lewe op aarde en dus ook jou belang van Karnaval een stuk sinlose uitsikloosheid sal wees.

Die manier waarop jy Karnaval hou, sal jou houding teenoor Hom wat weer kom. As jy nie 'n persoonlike ge-

loofs-, liefdes- en hoopverhouding tot Jesus Christus het nie, dan sal jy een van dié Pukke wees wat jou gaan vergryp aan drank, seksueel prikkelend sal aantrek, wellustig in da meskoshuise rondhardloop en ens.

As jy met Christus lewe en verlang dat Hy weer sal kom, om ook jou ontspanningslewe finaal te kom vernuut, dan sal jy ook saam met mede-Christene vrolik kan wees in hierdie tyd en jou laat beheers deur die Gees van Christus alleen. Dan sal jy ook saam met Paulus die bede van die teksvers bid: Mag Jesus Christus en ons Vader aan ons as sy kinders ware lewensenergie gee, omdat Christus weer kom.

En God sal dit doen. Want Christus is die enigste en waaragtige Verlosser, Oorwinnaar oor satan, dood, graf en sinloosheid. Saam met Hom sal ons ook in Karnavaltyd ons deur niks laat oorheers nie.

My vriend/in, laat ons die dryfkrag om te lewe, ook in hierdie vreugdetyd, nie uit onself put nie, maar uit die Gees van Christus.

Laat ons dan nie lewensmyders wees nie, ook nie lewensverafgoders nie, maar lewensstryders, gedring deur die belofte in Op. 22: „Ek kom gou!”



IETS WAT U TOT DUSVER MISKIEN UIT DIE OOG VERLOOR HET, KAN DALK U HELE TOEKOMS BEPAAL.

'n Bank.

As mens platsak is, is dit moeilik om te glo 'n bank kan jou help om jou ambisies in die lewe te vervoesenlik. Maar banke is vandag anders as in die ou dae.

Ja, dis nog steeds 'n veilige bēreplek vir mens se geld. Daarby speel hulle egter vandag 'n veel aktiewer rol in die gemeenskap.

By Nedbank kan u 'n lopende rekening open met wat sommige mense as kleingeld sou beskou. Ons gee nie om hoe veel of hoe min geld u vandag het nie. Maar ons stel wel belang in hoe toegewyd u werk aan u toekoms. En hoe ons u kan help om sukses te behaal in u strewes.

Want help kan ons u help. Op meer maniere as wat u dink.

In u studiejare — wanneer u kontant moet hê vir boeke, klaskasgeld of losiesgeld. Of sommer net om aan die lewe te bly.

Ná u universiteitsdae — wanneer u nog meer geld gaan nodig hê om u eie potjie te krap.

En later, wanneer u eindelijk 'n goeie inkomste verdien, sal ons daardie verdienste vir u vinnig laat vermenigvuldig deur verstandige belegging.

Nedbank bied u dus u lewe lank 'n groeiende reeks praktiese planne om algehele finansiële sekuriteit te verkry.

Studiehulp

Die oomblik wanneer u 'n bankrekening open by Nedbank, ruil u u geld in vir Nedrand. Dit sal u eerste kennis-making wees met die hardwerkende rand — die één geldeenheid wat spesifiek gerig is op groei. Later in u lewe sal u ten volle besef presies hoeveel harder Nedrand as die gewone rand werk.

U kan 'n lopende rekening of 'n spaarrekening open. As u kampus 'n Kitskontant-masjien het, kry u 'n Kitskontant-kaart. Daarmee kan u selfs ná bankure kontant uit die masjien trek.

Ná u eerste studiejare kan u aansoek doen om 'n leningsrekening. Dit sal help om dinge sommer baie makliker te maak vir u.

Ons weet almal hoe duur boeke en toerusting deesdae is. Om nie eens te praat van klaskasgeld en kos nie. U kan die lening na eie goeddunke aanwend.

U kan natuurlik net tot 'n sekere vasgestelde bedrag leen. Maar u betaal net rente op dié geld wat u werklik trek. En die rente van 5,5% per jaar is besonder billik.

As u inskryf vir 'n MBA-graad, kan ons moontlik 'n MBA-lening aan u toestaan. Hier is die maksimum leningsbedrag hoër, en die voordele is dieselfde.

As u 'n studie- of vakansiëreis onderneem, kan ons u ook help. Ons kan alle besprekings vir u behartig, en reistjeks asook buitelandse valuta voorsien.

Ons kan selfs leesstof verskaf. Soos publikasies oor die ekonomie. Ook Passport to Pleasure, ons tydskrif oor spys, drank en vermaak. En Nedbank Sportsman, propvol interessante inligting oor feitlik elke sportsoort in Suid-Afrika.

Wegspringkapitaal vir u eie onderneming

As professionele man sal u dit dalk eendag oorweeg om u eie besigheid te begin of 'n vennootskap aan te gaan. Weer eens kan Nedbank u meer help as wat u van 'n bank sou verwag.

Miskien 'n lening — teen 'n redelike rentekoers en op baie goeie voorwaardes.

Vir 'n dokter of tandarts bied ons spesiale huurfasiliteite. U kan naamlik al die nodige toerusting huur wanneer u u praktyk begin.

Ons laat u geld méér geld verdien

As u die dag goed gevestig is, met 'n steeds groeiende inkomste, sal u miskien dink ons het u nou gehelp soveel ons kan.

Maar nee.

Op dié stadium kan ons dienste van groter belang as ooit vir u wees.

Want nou tree die geweldige krag van die Nedrand ten volle in werking.

Dit hang net van u af: U kan die geld wat u verdien, laat leëglê. Of u kan dit in die werk steek by Nedbank om op eie houtjie nog baie meer geld te verdien. (Met ander woorde, terwyl u werk om geld in te bring, werk u Nedrand ewe hard om nóg geld in te bring.)

Ons het verskeie planne wat u kan inspan om u inkomste of kapitaal of albei te laat groei. En almal bied die hoogste moontlike rentekoerse. Ons sal u help besluit oor die regte een vir u.

U kan ook met ons gespesialiseerde beleggingsadviseurs gesels. Ons finansieelplanners, Versekeringskonsultante. Die land se voorste finansieelkenners is hier tot u beskikking.

Eenmaal 'n Nedbanker, altyd 'n Nedbanker

Dis 'n uitgemaakte saak: Sodra u 'n Nedbanker word, begin dinge gebeur. Van daardie oomblik af verloop u sake al hoe meer voor die wind.

Eerstens help ons u om sukses te behaal in al u doelwitte.

En dan sorg ons dat u 'n inkomste kry wat by u sukses pas.

Kom loer so gou moontlik in by u naaste Nedbank-tak. Vertel die bestuurder wat u posisie is en laat die res aan hom oor.

Nedbank haal die geldelike laste van u skouers af sodat u vry is om te konsentreer op dié dinge waarvoor u universiteit toe gekom het. U studies en u toekoms.

Hoe verder u vorder, hoe harder werk Nedbank vir u.



DIE TOEKOMS LÊ BY DIE NEDBANKERS
Nedbank Bepker Geregistreerde Handelsbank 'n Lid van die Nedsual-groep.

Oor koshuisrugby

GEAGTE REDAKTEUR, — Dit is jammer as daar so nou en dan harde woorde gesê moet word maar soms kan dit nie anders nie.

Die saak wat hier aangeraak gaan word is Over-de-Voor en koshuisrugby.

Dit is baie selde dat Over-de-Voor swaar dra as dit by Pukrugby kom, maar as dit gebeur soos nou die geval is, dan praat hulle van 'n verswakte koshuisspan.

Ek kan ook sê 'n span is verswak maar dan is dit weens beserings en nie omdat van die koshuis se spelers vir PUK speel nie.

Nog nooit het Dorp of enige ander koshuis so 'n verskoning aangevoer as hulle nie die pyp in koshuisrugby kon rook nie, maar toe daar in 'n gesprek navraag gedoen word oor die sogenaamde verswakte span van Over-de-Voor word daar dadelik deur een van hulle manne gesê dat daar dan 10 van hul spelers by die Pukspanne ingelyf is. Terwyl die Dorpspelers nie dadelik die getal spelers wat Dorp in in die universiteitspanne verteenwoordig kon meld nie, omdat hulle

daarop ingestel is dat sodra 'n Dorpspeler vir PUK speel hy vir hulle as koshuis verlore is, omdat PUK se belange eerste kom.

Over-de-Voor as julle dan moet verskoning maak as julle nie 'n span kan wen nie, dink dan net asseblief 'n ander verskoning uit, want spelers wat vir PUK speel is PUKspelers en op hulle het geen koshuis aanspraak nie.

Botha Maré.

APOLOGIE

Hiermee maak ondergetekendes verskoning aan die Rektor van die P.U. vir C.H.O., vir die plasing van die brief „Pukkie stel teleur” in Die Wapad van Vrydag 26 Maart 1976. Die saak is nie op die regte manier benader nie en misverstand kon ingesluit het. Ons vertrou dat die apologie so aanvaar sal word. — Theo Barnard en George Lotter.

WELKOM...

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- ◆ HANDBOEKE
- ◆ SKRYFBEHOEFTE
- ◆ EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEK-HANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

„die Potchefstroomse boekhandel”

Tomstraat 86 — Tel. 8875 — Potchefstroom — WP



CHRISTENSTUDENTE VERGADER

VANAF 23 tot 28 April het ongeveer 80 studente van universiteite in Transvaal op Cyara naby Hekpoort saamgetrek om 'n tema te bespreek, nl. „Christ, Lord of all”. Twintig Pukke was daar onder leiding van Pieter Odendaal, voorsitter van Korps.

Verder was daar studente van Wits, U.P., Unisa en enkele swart skoliere uit Soweto. Christenstudente van Turfloop wou om politieke redes nie meedoen aan die konferensie nie. Die konferensie is gelei deur KORPS en Student Christen Aassociation van Wits.

Die tema is gelei deur 'n Chinese Christen Chua Wee Hian, verbonde aan 'n internasionale studente-organisasie. Behalwe die vyf sessies waartydens fasette van die tema bespreek is, was daar daaglikse geleentheid vir groep-Bybelstudie, sport, informele verkeer en 'n reeks seminare oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe, bv. die Christen en sosiale betrokkenheid, Christelike interpretasie van die geskiedenis, moraliteit en kommunikasie, die kerk en nasionalisme in S.A., die interpretasie van die Bybel, ens.

Op hierdie stadium het sekere kritikasiers seker al gewonder: Was dié konferensie nie maar net 'n romantiese demonstrasie van 'n skynenheid nie, 'n blinde strewe na ekumeniese beleving sonder inagneming van „grondige” verskille nie?

My antwoord: Ek het nooit geweet dat Christene van verskillende kerke en kulture en kleure soveel grondigs in gemeen het nie! Die meeste van ons Engelse vriende het hulleself bestempel as Evangelicals

— mense wat baie ernstig streef om te buig onder die gesag van die Woord in alle fasette van hulle lewe. Die tema-leier Chua Wee Hian se aanbieding was puik gereformeer — sy eksegeese was uit die hoogste Bybelse rakke. Die program vir Bybelstudie was goed gebalanseerd, aktueel toegespits met 'n opvallende gebrek aan piëtisme, metodisme en fundamentalisme. Omdat die konferensiegangers uit verskillende kerke kom, was daar uiters aard ook meningsverskil.

Vir my het die konferensie veral een saak sterk onderstreep: Die liggaam van Christus is 'n eenheid en 'n verskeidenheid (1 Kor. 12). Om so 'n eenheid te bely en nie ook te demonstreer nie, is om die liggaam van Christus 'n mank voorkoms in die wêreld te gee. Die band in Christus is primer, nie die volksband nie, of die institutêre band van die kerk nie. Natuurlik moet dit 'n eenheid in die waarheid wees. Maar nooit mag my Afrikanerskap ontaard in rassisme en kerkisme wat my beleving van gemeenskap met ander Christene belemmer nie.

Ons kan baie by mekaar leer as Christene oor kultuur en kleurgrense heen. Ons het mekaar nodig in hierdie pragtige land waarin ons woon. Die oog kan nie vir die hand sê: Omdat jy wit of swart of

Afrikaans is, het ek jou nie nodig nie. So 'n konferensie toets die wortels van jou geloof, jou persoonlike verhouding met God. As ons enigins in vrede wil saamleef in hierdie land, dan moet ons as Christene handevat en die eise van liefde en geregtigheid nakom. Ons moet geleentheid soek en bestaande geleenthede benut om mekaar as Christene uit verskillende groepe en volkere te ondersteun. As Christenstudente moet ons ook eendag leiding neem in die samelewing — of glo jy nie dat jy in Christus die waarheid het nie, ook die waarheid in verhoudinge nie?

Ek pleit nie vir 'n skakelmanie nie. Die P.U. as geheel en die S.S.R. in besonder was nooit isolasionisties nie. Hierdie bestaande skakeling moet gekoester en uitgebou word op die grondslag van die Woord. Vorster Combrink.



V.I.n.r. Johan Pretorius, Albert de Beer en Peet Badenhorst tydens die oorhandiging van die prys vir die koshuis wat die hoogste gemiddeld met die Broseksamen gekry het. Dit is toegeken aan Heimat koshuis waarvan Albert de Beer primarius is.

(Foto: Hendrik Bosman.)

CHUA WEE HIAN BESOEK ONS KAMPUS!

Kom luister na hom Woensdag 12 Mei om 19h45 in die biblioteekgebou. Onderwerp: Die student en Marxisme wêreldwyd. (Hian is 'n Chinese Fellow van die International Fellowship of Evangelical Students).



Peter Eliastam, 'n Jood wat Christen geword het, in gesprek met konferensiegangers tydens die konferensie vir Christenstudente wat die vakansie aangebied is. Peter is 'n kunsdosent in Johannesburg.

L.O.-STUDENTE AKTIEF

DIE L.O.-vereniging van die P.U. vir C.H.O. het die inisiatief geneem om 'n departementele uitruilskema tussen al die L.O.-departemente van ons land te reël. Die doel van hierdie skema is om 'n beter samewerking, en beter vriendskapsbande asook idee-uitruiling te bewerkstellig.

Die eerste uitruiling met die Universiteit van Stellenbosch het reeds suksesvol plaasgevind. Twee Maties, naamlik Basie Burger en Litia Walters het die Puk reeds gedurende hulle vakansie drie weke gelede besoek. Hulle het by die L.O.-departement klas gedraf en die L.O.-vereniging se aksies wat daardie week geloods is, bygewoon. Volgens die baie gunstige verslag wat ons van hulle ontvang het, het hulle dit baie leersaam en interessant gevind.

Dave Streicher en Lizanda Laas het toe in ons kort va-

kansie Matieland gaan besoek. Ons is op 'n tradisionele warm verwelkoming daar ontvang en het die week op Matieland besonder geniet. Daar is baie moeite gedoen om die week vir ons so interessant as moontlik te maak, en Basie Burger, wat agter al die organisasie gestaan het, het goed in sy doel geslaag.

Die L.O. vereniging op die PUK beoog om hierdie skema, teen die einde van volgende jaar, voltooi te hê. Ons beoog ook om dit 'n jaarlikse instelling te maak vir die toekoms.

Studente sal nooit weer dieselfde wees nie.

Ons kan jou volledige dienste aanbied soos tjek-rekenings, spaarrekenings, persoonlike lenings en advies oor enige geldelike aangeleentheid.

Ons noem dit eenstop-bankdienste. Jy sal dit fantasties noem.

Jy sal moontlik nie nou al ons fasiliteite nodig hê nie, maar eendag sal dit goed wees om te weet dat Die Trust Bank oor al die finansiële saakkundigheid beskik wat jy ooit gaan nodig kry.

Jy is oud genoeg om 'n bankrekening te hanteer. Begin gerus dadelik daarvan gebruik maak.

Om nadere besonderhede, skryf aan: Die Trust Bank, Posbus 2116, Kaapstad 8000.

Banke sal nooit weer dieselfde wees nie.

DIE TRUST BANK

Gereg. Algemene Bank

KORTSPORT

★ Hombré het Klooster verlede Saterdag met 11—3 geklop. Dit was 'n nat wedstryd op 'n swaar veld en die humeure het niteenstaande die nat toestande, warm geword. Op 'n stadium was daar dan ook twee Hombré-manne in die „koelkas“.

★ Wouter Burger van Klooster is as Ringtennis-Springbok gekies om teen die besoekende Wes-Duitse span te speel. Baie geluk!

★ Die koshuistennisliga is gekanselleer vanweë die swak belangstelling van die meeste koshuise. Die voltydse tennis-afrigter van die PUK, mr. Piet Kamfer, het gesê dat dié

feit 'n groot terugslag vir die PUK se tennis sal beteken.

★ Die eerste rugbyspan van die PUK speel Saterdagmiddag teen Sasokpark op Olënpark. Na hul mooi oorwinning oor Wes-Wits Woensdagaand behoort ons manne nie veel probleme te ondervind om Sasokpark te klop nie.

★ Die Ibbies moet na hul strawwe wedstryd teen Klerksdorp Woensdagaand, vir R.P.M. op laasgenoemde se tuisveld aanpak. Dit sal 'n strawwe wedstryd wees, maar as die PUKKE met hul agterlyn slaan, behoort hulle R.P.M. iets gee om oor na te dink.

Pukke nou op wenpad

DIE Pukke het Saterdag die goeie verbetering wat met die afgelope toer in hulle spel ingetree het, in hulle Nesebekerwedstryd teen Westelikes op die Markötterstadion gehandhaaf.

Rustyd was die studente nog met 0—7 agter, maar na die hervatting met die wind van agter het hulle seker gemaak en met 15—7 gewen. Voorlans was die Pukke

duidelik baas waar niemand beter gespeel het as Okkie Oosthuizen, Andries Coetzer en Johan Strydom nie. Die driekwarte se aanval was egter stomp. Senter Willie Smith het 'n paar sekere drieë verlore laat gaan deur nie die bal te laat loop nadat hy deur gapings was nie.

Flippie Venter het op skrumskakel gesukkel en dit het 'n kettingreaksie langs die hele agterlyn afgegee. Venter is baie lastig geval deur sy opponent en het nie 'n gelukkige dag beleef nie.

In die eerste helfte het Westelikes die wind goed gebruik en die Pukke met skoppe gepeper. Nadat kante geruil is was dit net die omgekeerde — toe het die Pukke weer vir Westelikes in hulle eie gebied vasgepen.

Sommer van die afskop af vir die tweede helfte het die Pukke gaan druk. Die voorspelers het gedryf en Okkie Oosthuizen het in die hoek afgerond vir Louw van Wyk om te vervyf. 'n Kwartier later het André Rousseau die Pukke laat voorloop met 'n knap skepdoel.

Willie Smith het in die twee en twintigste minuut 'n losbal opgepik waarmee hy oorgedraf het. Louw van Wyk het weer vervyf.

Van die driekwarte is dit feitlik net Theuns Eloff wat met sy vertoning op die nat veld tevrede kan voel. Die ander het teleurgestel. 'n Ligstraal was die voorspelers se spel wat die Pukke beslis moes laat moed skep het vir die oorblywende wedstryde.

DENIMS

„HULLE” sê ons gaan dit dra. Langbroeke wat vasstrik om die enkels. Noupyp langbroeke met omslae en wat styf teen die been sit.

In Potchefstroom sien ek dit nie. Maar in Durban was daar alreeds 'n paar noupyp denimbroeke tot bo die enkel saam met baie hoë sandale. En ek ken ons vroumense en is bitter bang ons gaan vir „hulle” lui-ster. En ons langbroeke weggooi en noupyp goed koop en oor 'n paar maande dalk nog dink dit is mooi ook...



Dries Coetzer, nuwe kaptein van die Puk se eerste rugbyspan, wat Saterdag goeie spel teen Westelikes gelewer het.

TERUGKOMS

KWART VOOR NEGE in die oggend. En die son wat saam met die windjie by die kamer inwaai. Bloedrooi bottelborsels voor die venster. „Rocky” oor 'n radio iewers laer af in die gang. En motors en koshuise en studente.

Ag, hoe lekker om terug te wees na die vakansie...

Alle
groepfoto's
vir die
Besembos
moet tussen
Dinsdag 4 Mei
en Saterdag
29 Mei by
FOTOKUNS
geneem word.

MNR. VAN
MAARVELD
SAL GEEN FOTO'S
NA 29 MEI
NEEM NIE

STUDENTE VERRAS OP TOER

DIE Pukke het op hulle kort toer in die Aprilvakansie hulle beste rugby hierdie seisoen gespeel en albei hul wedstryde teen sterk spanne gewen. Beide wedstryde was onder spreiligte.

Saterdagmiddag het die studente Nelspruit, kampioenspan van die Laeveld, met 27—9 geklop en Maandagaand vir Boerpens Strydom en sy makers op Witbank met 16—6.

Die tellings is egter bysaak — belangriker is dat die Pukke getoon het dat hulle teen swaar voorspelers konstruktiewe wenrugby kan speel waardeur hulle heelwat vriende gemaak het en uitnodigings ontvang het om weer in daardie geweste te kom toer.

In altwee wedstryde het die Pukke gedugte teenstand ondervind en moes hulle hard spook vir hulle oorwinnings. Nelspruit met sy goedgebalanseerde span het rustyd nog n voorsprong van 9—7 gehad en dit was eers in die tweede skof dat die Pukke se hardlooprug-

by die deurslag gegee het. Teen Witbank, een van die snelontwikkelende gebiede in Suidoos-Transvaal, was die rustydtelling slegs 10—6 in die toerspan se guns.

André Rousseau (losskakel) was die uitblikker teen Nelspruit en die gunsteling onder die toeskouers. Hulle wou net hê dat hy die bal in die hande moes kry om sy hinkstappies uit te voer. Saam met hom het Flippie Venter, Willie Smith, Sors Greyling, Johan Strydom (sy spel verbeter met elke wedstryd), Andries Coetzer, Ferdi Osborne en Flame van Nieuwenhuizen puik vertoon.

Willie Smith (twee drieë, twee doelskoppe en 'n skepdoel), Bennie de Klerk, Philip Welman en Andries Coetzer (een drie elk) was vir die Pukke se punte verantwoordelik. Oud-Puk Johan Loubser het Nelspruit se enigste drie gedruk. Die telling kon hier aansienlik groter gewees het as minstens vyf maklike strafdoele nie verbrou is nie.

Teen Witbank met sy ses provinsiale spelers het die Pukke deurgaans noustrop getrek, maar hulle nogtans goed van hul taak gekwyd. Almal wat nie in die eerste wedstryd gespeel het nie het hier uitgedraf.

Veteraan Piet Brand het in dié wedstryd sy eerste verskyning van die jaar op die veld gemaak — as kantman — en gewys dat hy nog nie veel van sy ou vaardigheid verloor het nie. Met hom terug is die Pukspan sterker. Dries van der Walt, tot nog toe 'n koshuishaker, het aangenaam verras met 'n paar balle vanaf die vasskopkant. Gottfrey Kotzé (skrumskakel), Okkie Oosthuizen (losskop) en Andries Coetzer (slot) was ook goed op dreef.

Bennie de Klerk het twee mooi drieë gedruk waarvan Willie Smith een vervyf het en ook met 'n strafdoel geslaag het. Andries Coetzer het met 'n lang strafdoel nog drie punte bygevoeg. In 'n voorwedstryd het Over-de-Voor die tweede span van Witbank met 14—7 geklop.

Die aangename toer was van onskatbare waarde vir die Pukke se moreel en spangees, maar

dit het ook enkele leemtes blootgelê. Eerstens sal die studente 'n betroubare stelskopper moet kry anders gaan dit hulle duur te staan kom en in die losskrums sal daar met minder huiwering ingedons moet word. Die manne sal mekaar in hierdie afdeling ook beter moet ondersteun.

'n Besoek aan die Krugerwildtuin was een van die hoogtepunte sover dit die sosiale sy van die toer betref. (Met erkenning aan Potchefstroom Herald).

ONTHOU
om vroeg te
registreer vir
**KARNAVAL-
SETTE!**

**Kom luister
na die
Christen-
Chinees,**

**WOENSDAG 12 MEI
19h45
in die Biblioteekgebou**

DIE BULT APTEEK

TEL. 5943 — TOMSTRAAT 88

PUKKE! Besoek ons!

**Een film gratis vir elk wat
u by ons laat ontwikkel.**

—Wapad.

**Ons man op die
kampus het 'n spesiale
aanbod vir jou.**



„Ek nooi u uit om in verband met die Studieleningplan met my te kom gesels”.

ANDRÉ JOUBERT

**Barclays Nasionaal se
spesiale studie-leningplan
vir studente en
gegradueerdes.**

1. Studielening: Tot R3 000 +: om jou te help om jou studies te voltooi.
2. M.B.A.-studielening: Tot R3 500 vir enige student wat vir 'n MBA-kursus aanvaar is.
3. Studente: Tot R500 tydelike finansiering vir onverwagte uitgawe.
4. Gegradueerdes R1 500: bystand aan gegradueerdes totdat hulle diens kan aanvaar.
5. Persoonlike Lenings (Studente): Tot R3 000: vir studente vir tandheelkunde en ander professionele beroepe om toerusting te kan finansier.
6. Persoonlike Lenings (Gegradueerdes): Tot R6 000: om pasgekwalfiseerde prokureurs, advokate ens. met 'n eie praktyk te help.
7. Spaar- en lopende rekeninge.

DIE BULT

TEL. 6171
—WP.

Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Olënpark 11, Potchefstroom.